REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Beste lesers,

Wat is geloof? Geloof is nie slegs die aanvaarding dat daar 'n God is, al kan ons Hom nie sien nie. Geloof vra ook dat ons ons aan Hom sal toevertrou en ons lewe op grond van sy Woord sal inrig. Verder dat die wêreld kan sien ons vertrou nie op onsself of enige ding nie, maar dat God ons Rots is. Lees binne hoe om 'n ligtende lig te wees en hoe ryk ons lewe as Christene in die post-modernistiese wêreld is.

Het jy al ooit gewonder waarom die aarde geskep is soos dit is? Ja, die Here het gespreek en dit was so, maar het Hy dit sommer net gemaak? Lees bietjie hoe wonderlik Hy die aarde se atmosfeer geskep het. Dit laat ons net weer besef hoe goed God alles geformeer het. Wie kan dan nog stry dat die aarde sommer net ontstaan het? En wat is die mens dat hy God wil wees?

Ons leer God op verskillende tye en plekke ken, onder andere tydens JV. Wat is ons doel met jeugvereniging? In hierdie uitgawe word 'n mening daaromtrent gegee wat goed aansluit by die artikel oor die krag van die tong. Voel ook vry om jou sê te sê.

Ek wil graag Adriaan Haak bedank vir sy werk van die afgelope twee jaar. Dankie vir al jou harde werk en insette aan die Olielamp. Ook 'n woord van welkom aan ons nuwe lid: Helené Hofsink.

Baie geluk aan VGK Johannesburg met hul 50-jarige bestaan. God se werk gaan steeds voort en as jeug en kerkverbande mag ons saam aan die Koninkryk bou.

Ek sien uit na die tyd wat ek aan die Kaapse roer mag staan.

Elise

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Kaïn en Abel 3
Die krag van die tong 5
Oppad 6
Diensbaar met my gawes 6
Die Bybel is uniek! 8
The Creator's Handiwork: The Earth (1) 10
Ligtende ligte 12
Voel jy ook so? 14
What's wrong with this picture? 14
Hokaai! Raak ons postmodernisties? 16
Deur die sleutelgat 18
Voetspore 19

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 11 November 2007

Uit die Woord

Kaïn en Abel

Bert Mars

" Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain,
waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was,
omdat God oor sy gawes getuienis gegee het;
en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is." (Heb. 11:4)

Toe Adam en Eva uit die Paradys verban is, moes Adam hard werk om aan die lewe te bly en Eva moes met smart kinders in die wêreld bring. Tog is daar vreugde in die tent van Adam en Eva. Daar word twee broers gebore. Dalk was hulle 'n tweeling? Tog is daar baie verskille tussen die twee broers. Hulle name getuig al klaar daarvan: Kain is die sterk een en Abel die swakkeling. So het dit op die oog af gelyk, maar die Here kyk na die harte van die broers.

Abel het 'n skaapherder geword en Kain 'n landbouer. Hulle het dieselfde opvoeding gehad by hul ouers, dus het hulle geweet van God se grootheid, goedheid en hoe Hy die aarde geskape het in ses dae. Hulle het gevoel dat hulle iets vir die Here moet teruggee en daarom het die broers besluit om vir die Here 'n offer te bring.

Stilstaan

Vrug van die Gees

Liefde....
waarsonder gawes niks beteken nie...

Vreugde....
wat kom vanuit ware diensbaarheid...

Vrede...
wat alle verstand te bowe gaan...

Geduld...
alles belangrik vir diens in die Liggaam...

Vriendelikheid...
die glimlag binne diensbaarheid...

Goedhartigheid....
integriteit en gewilligheid...

Getrouheid....
as ywerige dienaar van Christus...

Nederigheid....
wat ander altyd eerste stel....

Selfbeheersing...
'n wag voor my mond....

Hulle het toe als bymekaar gemaak vir die offer. Kain het van die oes wat hy geplant het geneem en Abel het die beste van sy kudde se vet gevat en dit vir die Here geoffer. God het die harte van die twee broers geken en dus het hy Abel se offer aangesien, maar Kain se offer nie aangesien nie. Daarop raak Kain baie kwaad vir sy broer en wou wraak neem teen hom. Toe sê die Here vir Kain: "Waarom is jy kwaad en waarom laat jy jou hoof hang? Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie - die sonde lê en loer voor jou deur, en sy begeerte is na jou: maar jy moet daaroor heers." (Gen 4:6-7)

Maar Kain sê vir Abel: Kom ons gaan stap 'n entjie in die veld; en toe hulle in die veld was, wreek Kain hom op Abel en slaan hom dood. Daarna lieg Kain nog vir God toe hy gevra is waar sy broer is! Daarop vervloek God vir Kain: Wanneer hy die aarde bewerk, sal dit niks lewer nie en hy sal 'n voordvlugtende swerwer wees.

Offer jy die beste van jou kudde vir God? Gee jy jou beste vir God? Dit beteken nie net geldelike bydrae in die kerk Sondae nie, maar ook om jou hele lewe aan God te wei, om alles wat jy doen by die skool, werk en by die huis, te doen tot eer van Hom. Gaan jy net kerk toe om vir ander te wys dat jy 'n christen is, maar lewe die res van die week as 'n sondaar?

Die rede hoekom Kain vir Abel vermoor het, was omdat hy jaloers was op hom. Hy het sy wraak uitgehaal op sy broer. Ons sien dit nog so baie in vandag se samelewing en op televisie. Moenie dat jou jaloesie jou oordeel oorskrei en dat jy dalk 'n besluit neem wat jou dalk later sal berou nie. Kain het as 'n swerwer en verstoteling opgeëindig. Is jou lewe nog op die regte koers?

Verder het Kain vir God gelieg. Dit is maklik om vir iemand lieg sonder dat die persoon die waarheid uitvind. Jy kan selfs teen jouself lieg en dit glo, maar dit werk anders met God. Hy weet alles en almal se harte. Dit help nie om vir Hom te lieg nie.

Die krag van die tong

Nicky Trollip

"Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif.
Daarmee loof ons God en die Vader,
en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is.
Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking.
Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie." (Jak. 3 : 8-10)

Die tong…'n geringe liggaamsdeel, maar wat kragtig blyk te wees. Die Spreuke-skrywer sê immers dat dood en lewe in die mag van die tong geleë is (Spr 18:21).



God het die mens na sy beeld geskape. Sy doel met ons was om sy lof te besing. Daarvoor gee Hy vir ons die tong. Maar na die sondeval raak dit ook besmet met die kwaad en ongeregtigheid. Nou word bose planne en óók onheil met die tong gesmee. So voer die profeet Jesaja aan dat God nie verlossing wil stuur nie, omdat Israel onreg spreek (Jes 59 : 3).

In die boek Jakobus vind ons verskeie beelde waarmee die tong vergelyk word (Jak 3:3-5) :

- Eerstens is die tong soos 'n stang in 'n perd se bek. Met die stang dwing die ruiter die perd tot gehoorsaamheid, stuur hy die perd in 'n sekere rigting.
- Verder is die tong ook soos 'n roer van 'n skip. Die stuurman stuur die groot skip net met 'n klein roer.
- Laastens word die tong met 'n klein vuurtjie vergelyk wat 'n groot hoop hout sal laat vlam vat.

Dit kom dus duidelik na vore dat die tong se krag groot is. Sy invloed word oor die hele liggaam uitgeoefen. Die besmette tong besmet ook die res van die liggaam. Die mond loop oor van die sonde en ongeregtigheid wat in ons hart skuil. Dit kan egter nie soos diere getem word nie.

'n Stang en roer beheer nie homself nie, ook so steek 'n vuurtjie nie homself aan die brand nie. Iemand doen dit. So staan iemand in beheer van die tong. Dit is óf die Here óf satan wat in beheer van ons tong is. Bome kan tog nie slegte en goeie vrugte voortbring nie? En meer nog, jy kan nie God én Mammon dien nie (Luk 16 : 13b).

Skindertaal, lastery en vloekery is dus 'n gewigtige saak voor die Here. Jesus sê immers aan die Fariseërs : "*Maar ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word (Mat 12 : 36,37).*" Wie Sondae die Here prys, maar deur die week kwaad spreek van sy naaste, word as 'n Godsloënaar en leuenaar bestempel.

Laat ons dan waak en daarop let dat God in beheer van ons tong staan. Met die tong moet ons Hom loof. Daarmee moet ons sy Woord aan ander verkondig. Die tong kan met salf vergelyk word. Soos salf infeksie verhoed en help om 'n wond te heel, so moet die tong nie gebruik word om ons naaste af te kraak nie , maar om mekaar op te bou.

*Halleluja! **Loof** God in sy heiligdom, **loof** Hom in sy sterk uispansel!*
***Loof** Hom oor sy magtige dade, **loof** Hom na die volheid van sy grootheid!*
***Loof** Hom met basuingeklank, **loof** Hom met harp en siter;*
***Loof** hom met tamboeryn en koordans, **loof** Hom met snarespel en fluit;*
***Loof** Hom met helder simbale, **loof** Hom met klinkende simbale!*
*Laat alles wat asem het, die Here **loof**! Halleluja!*
(Psalm 150).

Bronne:
Die Verklarende Bybel.
Korte Verklaring der Heilige Schrift, Dr. F.W. Grosheide.

Diensbaar met my gawes

Gerda Aartsma

Profeteer, dien, leer, onderskei, bemoedig, hulp verleen, gasvry wees, glo, gee, evangeliseer, doen voorbidding, lei, verwerf kennis, bewys barmhartigheid, praat tale, wees wys.
Ken jy dié woorde? Herken jy die woorde?
Vir my het die woorde werklik betekenis gekry toe ek ingesien het dat God sommige van dié "woorde" vir my as gawes gegee het. Om in Sy koninkryk te dien. Om dáár 'n verskil te maak.

Om 'n Koninkrykverskil te maak moet ons **dien**!! Hoekom? Om God te verheerlik, en ander mense op te bou. In die Tien gebooie wys God in die 1-4de gebod hoe ons **God** moet dien, en in die 5-10de gebod hoe ons ander/**naaste** moet dien. En die groot gebod vind ons in Matt. 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê…..., jy moet jou naaste liefhê...

Hoe verheerlik dienswerk dan God? 1 Pet. 4:11 ….dienswerk is aanbidding en aanbidding verheerlik God. Wanneer ek dien is ek besig om God te verheerlik/eer/aanbid (regte gesindheid). Aan God behoort alle heerlikheid en krag tot in ewigheid.

Hoe bou dienswerk ander op? Ef. 4:11-12 ….Die Here het die gelowiges gawes gegee om hulle toe te rus vir hul dienswerk wat lei tot die opbou van die liggaam van Christus (kerk/gemeente). Deur ons Godgegewe gawes te gebruik kan ons ons naaste opbou.

Hoe behoort ek te dien?

Elkeen het 'n dienaarsprofiel: persoonlike styl, gawes en roeping. Kom ons kyk na hierdie 3.

1. Persoonlike styl
Jou persoonlike styl dui aan **HOE** jy dien of dienswerk verrig. Jou styl druk jou unieke stempel af op dit wat jy doen. Ps. 139:13-16 ….elkeen is uniek! Persoonlike styl is Godgegewe.

Van ons karaktereienskappe wys dan hoe ons te werk sal gaan bv.: taakgerig, mensgerig, gestruktureerd of ongestruktureerd.

* Taakgerig: Word gemotiveer deur dinge te doen: doen eers taak, dan kuier – gerig om take of doelwitte af te handel wat in die proses ander dien.
* Mensgerig: Word gemotiveer deur interaksie met mense: eers kennis maak/gesels en dan taak doen – verhoudings is jou primêre fokus.
Beide mensgerigte sowel as taakgerigte mense is bedag daarop om verhoudinge te ontwikkel en om doelwitte te bereik, elkeen het maar slegs 'n primêre sowel as sekondêre wyse waarop dit bereik word.

* Ongestruktureerd: Verkies verskeie opsies en buigsaamheid: algemene omskrywing van diens, verhoudings met ander is spontaan.
* Gestruktureerd: Verkies 'n plan en bring graag orde in hulle: duidelik gedefinieerde diens, verhoudings met ander gelykmatig.
Gestruktureerde en ongestruktureerde mense heg waarde daaraan om georganiseerd te wees, maar elkeen het sy/haar eie benadering daartoe.
Persoonlike styl verduidelik dalk ons gedrag, maar dit verskoon dit nie.

2. Gawes: Jou gawes sal aandui **WAT** jou dienswerk sal wees.
Dit gee jou selfvertroue, vermoëns en dit verleen jou outoriteit.
1 Kor. 12 ….wysheid, kennis, geloof, gesondmaking, profesie, helpers, tale... gawes is Goddelike geskenke.
Kyk ook Rom. 12: 6-8 ... onderrig, bemoedig, vrygewig, leiding, barmhartigheid. God het my spesiale gawes (vermoëns) geskenk deur die Heilige Gees om **Sy** spesiale diens te verrig volgens Sy raadsplan.

Elke gelowige het 'n gawe ontvang, en is 'n dienaar. 1 Pet. 4:10 ' ...moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.' Die gawes wat God aan ons skenk stel ons in staat om mekaar te dien. Die grootste toets vir die gebruik van Gawes is: Verheerlik dit God? Is dit tot opbou van ander? (1 Kor. 14:3-5, 12)

Ons kan nie ons dienaarsprofiel (gawes) kies nie, dit kom van God. Ons kan dit wel beter aanwend en ontwikkel. Ons het elkeen 'n unieke rol om te vervul. Ons verskille is deur God beplan. (1 Kor. 12:8-11) '...aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.'

God se plan (en opdrag) is dat ons soos 'n liggaam sal funksioneer. Interafhanklik van mekaar. Rom. 12:5 '...so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlike lede van mekaar.'

Ons het dus as mense verskillende: gawes, diens, werkinge, maar dieselfde: Gees, Here, en God. Eenheid word nie verkry deur almal dieselfde te wees nie. Eenheid word slegs verkry wanneer ons 'n gesamentlike doelwit het: om God te verheerlik en mekaar op te bou en te versterk, deur die gebruik van ons verskillende gawes.

Moenie gawes met die volgende verwar nie:

* Talente: Is dikwels 'n goeie aanduider van jou begaafdheid, maar stem nie as reël noodwendig ooreen met jou gawes nie. Geestelike gawes is uniek aan gelowiges. Talente is algemeen by alle mense. Talente en gawes bly albei egter Godgegewe. Gawes word bevestig deur die liggaam van Christus. Gawes moet God verheerlik en ander opbou – 'n talent is meestal, nie altyd nie, gerig op blote selfverwesenliking.

* Vrug van die Gees (Gal. 5:22): Dis die sigbare kenmerk van geestelike volwassenheid. Dit verwys ook na die ontwikkeling van jou geestelike karakter. Dis WEES eienskappe, waar gawes DOEN eienskappe is. Beide die vrug van die Gees en Gawes behoort sigbaar te wees in die lewe van die gelowige Christen.

* Die verskil tussen geestelike dissiplines (opdrag) en gawes kan as volg geïllustreer word:

Gawe: Evangelisasie, voorbidding, vrygewigheid, kennis.
Dissipline: Om te getuig, om te bid, om te gee, om die Bybel te bestudeer.

Jou gawe dui jou diensgerigtheid binne die liggaam tot eer van God en opbou van mekaar aan, terwyl dit jou nooit kwytskeld van die dissipline nie. Jy gebruik dus jou Gawe nie onafhanklik en "eenkant" nie.

Dien jy met LIEFDE? 1 Kor. 13:1-3 'Al sou ek...., maar het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.' Geestelike gawes wat sonder liefde beoefen word, reflekteer nie wie God is nie en het geen Koninkryk-impak nie. 1 Kor. 13:4-8 'Die liefde is lankmoedig en vriendelik....'
Wat motiveer jou om te dien?

- Dien jy vanuit: Plig (ek moet) / Gehoorsaamheid (ek wil God dien).
- Dien deur besorgdheid vir: Wat ander sien (wat sal ander sê) / Wat God sien.
- Dien met 'n houding wat sê: Dis nie my werk nie (minimum is genoeg) / Wat ookal nodig is (gewillig om buite die 'posbeskrywing' te dien).
- Beskik oor 'n bedieningsingesteldheid wat sê: Ek eerste / God eerste.
- Dien met 'n gees van: Hoogmoed (kyk ek het...) / Nederigheid (God het dit gedoen!)

Die resultaat is: Selfgesentreerdheid / Verheerliking van God. (Matt. 5:16, Joh. 13:35, Matt. 20:25-28)

3. Roeping: Jou passie (Godgegewe gawe) sal aandui **WAAR** jy die beste geskik sal wees om te dien. Roeping is Godgegewe. Roeping kan ook meer algemeen omskryf word as iets wat die Here my opgelê het, my visie of my roeping. Roeping is daardie Godgegewe begeerte wat ons aanspoor om 'n verskil te maak binne 'n bepaalde bediening / dienswerk. (Ps. 37:3-5, Gal. 1:15-16)

Dienswerk is nie tydelik nie, maar vir 'n leeftyd. Jy is nie betrokke net as jy wil of so voel nie, jy is betrokke as deel van jou Christelike rol, plig en verantwoordelikheid.

'...ons *besit* genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is.' (Rom. 12:6) Jy het dit ontvang, gaan werk dan ook daarmee!

Bron:
Netwerk Deelnemersgids, Bruce Bugbee, Don Cousins, Bill Hybels (Willow Creek Community Church © 1994)
Gebruik met toestemming.

Die Bybel is uniek!

Niemand kan ontken dat die Bybel uniek is deur die manier waarop hy ontstaan het nie.

Hoe kom ‘n gewone leesboek tot stand? Iemand besluit om ‘n boek te skryf, versamel inligting, ontwerp ‘n skema, skryf die manuskrip en laat dit druk. Soms word ‘n boek deur meer as een skrywer geskryf. Dan besluit die skrywers saam hoe die boek gaan lyk en hoe hulle hom gaan publiseer. Hier is dus sprake van ‘n **gemeenskaplike poging.**

Die Bybel is in daardie opsig totaal uniek. Dit is geskryf deur meer as **veertig skrywers,** wat geen afsprake met mekaar gemaak het nie! Hulle het nie saam besluit hoe hulle die ‘boek’ sal uitgee nie. Hulle kon ook nie, want die Bybel is oor ‘n tydperk van meer as **1500 jaar** geskryf. Ons kan dit slegs sien as ‘n wonder van God; sonder ‘n uitgewerkte **skema** of ontwerp word eeu na eeu die een stuk by die ander gevoeg, totdat die Bybel kompleet was!

Die skrywers van die Bybel het almal in verskillende kulture en omstandighede geleef bv.:

- Moses was ‘n politikus (opgelei in die wysheid van Egipte)
- Salomo ‘n koning
- Esra ‘n skrifgeleerde
- Amos ‘n skaapboer
- Nehemia ‘n goewerneur
- Petrus ‘n visser
- Mattheüs ‘n tollenaar
- Lukas ‘n dokter
- Paulus ‘n Christenvervolger

Nie een van hulle was dus ‘n skrywer van beroep nie, maar almal is deur dieselfde Heilige Gees geïnspireer!
Hulle het ook in verskillende gemoedstoestande geskryf, bv. in blydskap, verdriet, wanhoop, ens. Hulle het in drie verskillende wêrelddele geskryf: Asië, Afrika en Europa. Hulle het in drie verskillende tale geskryf: Hebreeus, Aramees en Grieks. Met al die verskillende bronne wat in verskillende tale, lande en gemoedstemmings geskryf is, het **een** Boek ontstaan. Tog is daar ‘n duidelike lyn deur die hele Bybel. Van Genesis tot Openbaring gaan dit om twee vrae: “Wie is God?” en “Wat is die mens?”

Vir ons as nietige mense klink dit byna onmoontlik dat met soveel skrywers in so ‘n lang tydperk, in verskillende tale en in verskillende kulture, so ‘n BOEK ontstaan het. Vir God, wat nooit sy kinders vergeet nie, is egter niks onmoontlik nie. Ons kan slegs verwonderd en dankbaar wees.

Ek is die Here,
daar is geen ander nie,
buite My is daar geen God nie. (Jesaja 45: 5a)

Stadig maar seker, letter na letter, woord na woord, sin na sin is, die Ou Testament vier eeue voor ons jaartelling klaar geskryf. En soos hy toe afgerond is, so lyk hy vandag nog. Daar word duisende boeke geskryf, maar die meeste is na een geslag alweer totaal vergete. Daar is boeke wat langer die aandag van mense behou, maar watter boek is soos die Bybel, al baie eeue oud en nog altyd dieselfde en nog altyd aktueel? Nie een nie.
Boeke raak uitgelees, maar die Bybel nooit nie, want ons ontdek steeds iets nuuts. Daarby is die Bybel universeel, met ander woorde die Bybel is vir almal van toepassing. Die Bybel is die enigste boek in die wêreld wat deur almal gelees kan word en wat elke persoon aanspreek, van watter stand of ouderdom ook al.

Hoe kan dit dat die Bybel deur die eeue heen nie verander het nie? Die eerbied vir die Bybel was so groot, dat, soos die Joodse geskiedskrywer Flavius Josephus eenmaal gesê het, niemand in al die eeue dit gewaag het om iets aan die Bybel toe te voeg of daarvan weg te haal nie. En hierdie eerbied vir die Woord is die gevolg van die ontsag vir die lewende God wat spreek.



Hoekom bestaan die Bybel uit slegs 66 boeke? Waarom is die apokriewe boeke nie ook deel van die Bybel nie? Al antwoord hierop is dat dit deur God se sorg as Auteur (bv. Hebr.1:1; 2 Petr. 1:21; 2 Tim.3:16) vir ons nie te min is nie en dat dit vir ons as kerk genoeg is.

In die boek Deuteronómium word dit die volk Israél op die hart gebind om die gebooie en verordeninge van die Here te bewaar. Moses moet dit opskryf.
Jeremia moet ook al die woorde van die Here opskryf in ‘n boek (Jer.30:2). Daniël raadpleeg die boeke (Dan. 9:2) en luister daarna (Dan.1:8, 9:10-11).
Die Here Jesus omskryf in Lukas 24: 44 die Ou Testament as ‘n afgeronde geheel: die wet van Moses en die profete en die psalms. In Johannes 5: 39 lees ons ook van ‘n afgeronde en gesaghebbende lys boeke: die Skrifte.
Ook Timótheüs ken van kleins af díe heilige Skrifte.
En Petrus stel die briewe van Paulus op een lyn met “die ander Skrifte” (2 Petr. 3:15-16).

Die Bybel is nie net die oudste boek nie, maar ook die Boek wat die meeste herdruk word. Om aan die vraag na Bybels te kan voldoen moet daar meer as een Bybel of bybelgedeelte per sekonde gepubliseer word, dag en nag! Die Bybel is die mees verspreide boek, want dit is die mees geliefde boek, maar tergelykertyd ook die mees gehate en bekritiseerde boek.

Baie keer het dit gelyk (en nou nog) of die Bybel die aanslag van die duiwel nie kan teënstaan nie. Soos bv.:

- Toe die groot Romeinse keiser Diocletianus in 303 na Chr. ‘n bevel uitgevaardig het dat alle Christene en hulle heilige boek (die Bybel) vernietig moet word. Duisende mense is gedood en baie Bybels is vernietig.
- In die Middeleeue toe die Roomse Kerk die Bybel van die mense weerhou het en die gewone mense nie die Bybel kon lees nie.

So is daar nog baie voorbeelde in die geskiedenis van die kerk.
Hier blyk God se almag weer duidelik, want 22 jaar na keiser Diocletianus se aanval op die Christene, het keiser Constantyn die Bybel tot die enigste gesaghebbende boek verklaar. Hy het ook vir Eusebius opdrag gegee om vyftig kopieë van die Bybel te maak op die regering se koste. Dit was nie die enigste keer nie. Die beroemde Franse rasionalis Voltaire het gespog dat die Bybel binne 100 jaar nog net in antiekwinkels te vinde sou wees; maar binne 50 jaar na sy dood het die Geneva Bible Society sy drukpers en sy huis gebruik om stapels Bybels te produseer! En probeer of jy nog ‘n boek van Voltaire kan koop.

Die Here sê in Jesaja 44: 25, 26:
“Ek stel die toekomsvoorspellers aan die kaak,
Ek maak die waarsêers belaglik.
Ek weerlê die geleerde mense,
Ek ontmasker hulle kennis as dwaasheid.
Ek bevestig die woorde van my dienaar,
Ek bring wat my boodskappers aangekondig het, tot vervulling.”

Die aanvallers van die Bybel, die wat dit probeer vernietig het, het lankal gesterf. Hulle aanvalle is verkeerd bewys, want die Bybel staan nog steeds soos ‘n rots!
Het ons nie nou nog meer rede om God dankbaar te wees vir Sy genade en vir daardie wonderlike Boek, wat Hy op so ‘n wonderbaarlike manier tot stand laat kom het nie?

Daarom, omdat ons ‘n onwankelbare koninkryk ontvang,
laat ons dankbaar wees,
en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.
(Hebr. 12: 28)

Bronne:
Het ontstaan van de bijbel
Dr. J. van Bruggen - Wie maakte de bijbel?

The Creator's Handiwork: The Earth (1)

www.evolution-facts.org

Although many of its ecosystems were damaged by the worldwide Genesis Flood, yet our planet remains wonderfully designed for living. Later, we will learn more about the effects of the deluge. But now, for a few moments, let us consider some of the many factors that make our world so livable. Because entire volumes could be written on this topic, we will briefly focus our attention on three topics: atmosphere, water, and soil.

1 - THE ATMOSPHERE

Ours has been called the "water planet;" it is also the "air planet." These are two special qualities about our world that are not to be found on any of the other planets in our solar system.

The air surrounding our world is called the atmosphere. Air has no color, smell, or taste, yet without it there could be no living plants or animals on the earth. People are known to have survived more than a month without food, and more than a week without water. **But without air they die within a few minutes**.

Without air, there would be no weather. We could have no wind, and no storms which bring us much-needed water. Without wind there would be no movement of the trees and plants **and our world would be very still. It would also be silent,** for without air we could hear almost nothing. Most sound travels through the air (although some travels through rock, metal, and water.) Sound cannot travel in a vacuum.

Without air**, birds could not fly**. Air provides resistance to motion, and it is this resistance which enables birds and planes to fly through the air**. Without air, there would be no clouds. The sky would maintain a dreary blankness** day after day. **The sky would not be blue**; instead it would be black.

Air is composed of several invisible gases. About 98 percent of those gases are nitrogen and oxygen. Two-tenths of all the air is composed of oxygen (21 percent). **Without oxygen we could not survive**, for we need it continually in our blood and tissues. **Plants would quickly die without it also**. They need it just as they need carbon dioxide.

But eight tenths of the air is seemingly useless to us; it is nitrogen (78 percent). Surely, it must have a purpose also; everything else does. Actually, it is invaluable. Oxygen is combustible; that is, it can be set on fire and burn**. If there were no nitrogen in the atmosphere, the world would have burned up** as soon as the first fire had been ignited by lightning, or the first two flinty rocks striking one another had sparked. Even iron would have burned. We have cause to be very thankful for the nitrogen in the air around us.

The remaining 1 percent of air consists almost entirely of the gas argon. But there are also small amounts of neon, helium, krypton, xenon, hydrogen, ozone, carbon dioxide, nitrous oxide, and methane gases.

All those various gases are invisible**. What if they were even slightly opaque?** Our world would be totally dark. The gloom of eternal night would be upon us, even though the sun shined brightly overhead. Ocean water looks fairly clear, but 61 m down, the sunlight is nearly gone, and 91 m down darkness prevails. The atmosphere over our heads is hundreds of miles deep and covers all the earth. If the gases in it were not transparent, we would all live in perpetual darkness. The world would be ice cold**. The warming rays of the sun would be blocked out before reaching us.** The tiny photosynthesis factories contained within each plant leaf could not operate. **No food would be produced**, and all the plants and animals would die.

There is also some dust in the air**. This is what provides us with beautiful sunset colors** on the clouds and in the sky. A cubic inch of air normally has about 100,000 solid particles. The air over the mid-Pacific has about 15,000, and the air above large cities has 5 million particles per square inch.

There are other things in the air also: salt from the ocean, pollen from plants, floating microbes, and ash from meteors which burned upon hitting our atmosphere. There is also water vapor in the atmosphere **and that vapor is vitally important; without it we would quickly perish! It is part of the water cycle**. But more on that in the next section.

Because air has weight, we have barometric pressure, wind movement; and air resistance.

The weight of all the air in the world is about 5 quadrillion tons (That is a 5 with 15 zeros after it). The weight of the air in a pint [.47 l] jar is about that of a small capsule or an aspirin tablet. The greatest air pressure is found at the earth's surface, where it averages about 15 pounds [6.8 km] pressing down on every square inch [2.54 sq. cm]. The amount of air pressing down on your shoulders is about 1 ton (1 short ton is 2,000 lbs. [907 km]). Fortunately, you do not feel this weight because it is pressing on you from all sides.

Without air, we could not have weather, and without weather conditions there could be no rain. The sun causes air to move by heating it. The warm air rises upward into the colder areas above itand clouds form. Sideways pushing and shoving of the warm and cold air against one another causes more turbulence. But what causes rain? We will consider that shortly.

Did you know that there are "air tides" as well as ocean tides? Movements of the earth in relation to the moon and sun cause ocean tides, but the gravity from the moon and sun causes air tides also. This means that plants and people weigh a little less when the moon is overhead.

What can be slower than air? Actually, few things are faster! Although air may appear to move slowly most of the time, the air molecules within it travel at extremely rapid speeds. The warmer the air, the faster the molecules move. At freezing temperature they are really "slow"only moving at about 1,746 km an hour! That is 1 1/2 times faster than the speed of sound at freezing temperatures.

The exosphere is the highest layer of air above us and starts at about 482.7 km up. There is hardly any air at that height. Below that is the ionosphere,' which is up to 80.4482.7 km above the earth. Electrically-charged ions found in this part of the atmosphere protect us from solar winds and other radiation entering from outer space. The beautiful aurora borealis, or northern lights, glows in this region. The bottom of the ionosphere bounces radio waves back to earth. **Without the ionosphere, most radio communications would be virtually impossible.** The ionosphere is important for its shielding effect from solar rays and meteors. Without the atmosphere **the thousands of meteors which arrive regularly would strike the earth,** destroying animal life and vegetation.

Below the ionosphere is the very important stratosphere, which extends from about 11.26 to 80.4 km above us. This is where the ozone layer is found. **Without that blanket of ozone, ultraviolet rays from the sun would quickly destroy all life on earth**. This is also the highest warming layer of the atmosphere. As the sun's rays strike the ozone, it warms it. **The ozone layer helps warm the entire planet**. It is about 19.3 to 33.8 km up, and the warm layer is just above it. Below the ozone layer, the stratosphere is cold (about -67F [-55 C] over the U.S.), but without the ozone layer it would be far colder! The upper stratospherein the warm layer about 48 km above the ground,the temperature is about 30F [-1 C].

The troposphere is of extreme importance, **for this is where the clouds are,and where our rain comes from.** This region extends from the surface up to about 11.26 km, but varies with weather conditions. Every thousand feet [3,048 dm] you go upward through the troposphere, the temperature drops about 3-4F. The troposphere is the region where weather occurs; above it there are neither clouds nor storms. Above the north and south poles, it ends about 8 km up; above the equator, it ends about 16 km above the earth's surface.

Air helps to make soil because it contains oxygen, carbon dioxide, nitrogen, and moisture. The oxygen, carbon dioxide, and water combine with the chemical elements in the rocks. Along with plant, wind, and water action, this causes the rocks to decay and break down into small particles.

Without air, plants would quickly die. Air is absorbed and used throughout the plant. **Without air in the soil a plant cannot survive**. Even the Florida cypress (one of only two trees in the world which can have its roots permanently submerged) grows "knobs" which stick above the surface of the swamp in order to take in air.

Human beings would also die without that air. All the cells in our bodies must have oxygen. They use it to change food into energy. When you breathe, air enters your lungs. The blood stream takes oxygen from the air in the lungs and carries it to all parts of your body. Fresh air also makes us feel more comfortable, for it removes the warm, damp blanket of air next to our skin. People who work in the open air, or who know to keep their houses properly ventilated are much healthier and live longer.

Fresh air also has negative ions, which are important in the maintenance of good health.

Ligtende ligte

Henria Stolper

Christene moet as ligte in hierdie donker wêreld God se lig laat skyn; nie alleen deur woorde nie, maar ook veral deur dade. Wanneer jy dit lees, sal jy met my saamstem. Maar hoekom is dit so dat wanneer die toets van die praktyk daar is, ons dikwels so floutjies reageer op die opdrag wat Christus vir ons in Matt. 5:16 gegee het: *Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

In die eerste hoofstukke van die boek Handelinge lees ons hoe die Christelike gemeente in Jerusalem uitvoering aan die opdrag gegee het. Die gemeente het volhard in die suiwere leer, sakramente, lofprysings en gebede. Hulle was een van hart en siel. Hulle het alles gemeenskaplik besit en die opbrings van hul eiendomme uitgedeel aan die wat behoeftig was. Uit historiese bronne verneem ons hoe die eerste Christene ook bekend was vir hulle liefdesdade buite die gemeente. Hulle het gevangenes besoek en versorg, slawe wat ter dood in die strate neergelê is, in hul huise verpleeg en hulle het na minderbevoorregtes omgesien. Die Bybel vermeld aan ons dat die Christene daaroor in guns was by die hele volk en dat daar groot vrees op elkeen gekom het (2:47 en 43). Die resultaat daarvan was dat mense God daarvoor geprys en verheerlik het en *die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is* (2:47).

Deur die optrede en goeie werke van die gemeente in Jerusalem is mense 'gevang' en deur die Here tot die gemeente gevoeg, deel gemaak van hierdie gemeenskap wat hulle lig laat skyn het in die donker wêreld van egoïsme, individualisme, materialisme, twis, haat en moord. Jode wat tydens die vorige Paasfees geskree het: "Kruisig Hom!" is diep in die hart getref deur Petrus se woorde en die gemeentelede se goeie dade. Jesus Christus wat as God se grootste genadebewys deur hulle verwerp is, het met sy Ligtende Gees in hulle kom woon. Moordenaars, rowers, dronklappe, hoere en verminkte weggooi slawe is deur Christus tot ligte gemaak. Wat 'n geweldige wonderwerk!

Hoekom is dit so dat die kerk in ons tyd nie werklik groei nie? Is die krag van die Gees nie meer so sterk by ons aanwesig nie? Hoekom is daar soveel mense wat deur die Charismatiese groepe aangetrek word? Werk die Heilige Gees meer intens by die Lewende Woord gemeentes as by die Vrye Gereformeerde kerke? Lê die oorsaak daarvan nie maar by die lidmate van die VGK nie: by jou en my?



Laat julle lig so skyn... impliseer dat ons die lig besit, meer nog, ons is die lig (6:14). Ons het die lig van God ontvang en by die doop is die waarborg daarvan aan ons bekragtig. Christus het ons tot ligte gemaak. Die Heilige Gees woon immers in ons en Hy is die Lig self. Jesus Christus het as Lig die duisternis oorwin en deur Hom is ons meer as oorwinnaars!

Ons is die lig en moet die lig ook op 'n bepaalde manier laat skyn. Ons moet dit so laat skyn *voor die mense,* dat mense die Lig in ons kan sien! Ons moet dus goeie werke in die openbaar doen en uitstaan in die samelewing!
Mense moet ons raaksien en besef dat ons deur die Lig beheers word. Die goeie werke wat ons doen, moet van die Lig getuig en 'n lig in ander mense aansteek!

Hoe lyk hierdie goeie werke? Is dit humanitêre hulp? Is daar nie baie ongelowige humaniste wat baie goeie dade verrig nie? Kan ons nie dikwels 'n voorbeeld aan hulle neem nie? Kan ons enigsins op hulle liefadigheid verbeter? Hoe maak ek en jy dan 'n verskil dat ander mense God, weens ons goeie werke verheerlik? Hoe verskil ons goeie werke van die liefdevolle medemenslikheid van humaniste?

Dat daar 'n sigbare verskil is, is duidelik uit Matt 5:16. Ons werke moet so wees dat mense God verheerlik! Soos ons in die kategismus (So.33) bely is goeie werke slegs die wat *uit 'n ware geloof, volgens die wet van God tot sy eer*

gedoen word. Mense behoort die Lig, die geloof wat die Heilige Gees werk, in ons te sien. Hulle moet sien dat dit wat ons doen in en deur die geloof is. Mense moet sien hoe ons in alles lewe ooreenkomstig God se gebooie en dat ons gerig is op die eer van sy Naam! Dat ons nie handel vanuit bepaalde sentimente insake medemenslikheid nie. Hulle moet aanskou hoe ons in alles nie ons eie eer soek nie, maar die eer van God en die welsyn van ons naaste.

Mense moet ons andersheid opmerk. Te midde van vreeslike vervolgings het die gemeente in Jerusalem gegroei. Die bekende woorde van een van die kerkvaders: *die bloed van die martelare is die saad van die kerk*, het keer op keer geblyk waar te wees. Sien ons nie vandag dieselfde in China nie? Terwyl die tronke vol opregte gelowiges is, groei die aantal mense wat aan God meer gehoorsaam wil wees as mense. Mede gevangenes en tronkbewaardes kom tot bekering, omdat Christene deur woord en daad getuienis lewer. Tydens die swaarste mishandeling, prys hulle God en laat ander wonder oor Wie so iets in hulle tot stand bring. Hulle laat hul lig helder skyn en dit veroorsaak dat selfs van die wreedste vervolgers die Naam van die Here begin prys!

Kan die wêreld aan ons sien dat ons Christene is en kan hulle as gevolg van ons goeie optrede en werke ons God prys en verheerlik? Of lag die wêreld stilweg oor die Christene wat stadig maar seker die styl van die wêreld naboots, maar Sondag ewe ernstig in die kerk sit? Word God vanweë ons optrede geprys of juis gelaster? Skyn jou lig helder of gee dit slegs ‘n dowwe ligglans af?

Ons moet ernstig nadink oor die beeld wat ons na buite uitstraal deur ons manier van lewe. Veroon ons die beeld waartoe Christus ons vernuwe het? Lewe ons tot eer van God? Lewe ons soos prinse en prinsesse wat deur die Koning tot sy kinders aangeneem is? Word ons naaste deur ons optrede vir Christus gewen of lewe ons net so effens anders as die wêreld? So effens anders dat dit nie eintlik opvallend is nie?

Ons moet as Christene opval en uitstaan! Christus is die Lig in ons lewe. Hy het ons tot ligte gemaak en wil dat ons ook meer en meer ons lig laat skyn; helder en duidelik in hierdie wêreld wat die duisternis liefhet. God het sy Gees aan ons gegee en stel ons in staat om al hoe meer ‘n lig te wees! Goeie werke is die vrug van die Heilige Gees. God wil dit self in ons werk

Ons weet dat nie een van ons in staat is tot goeie werke nie en dat selfs ons beste werke met sonde bevlek is, maar die Gees vernuwe ons van dag tot dag en bring goeie werke te voorskyn. Hy maak ons nie alleen woord getuies nie, maar ook daad getuies! Ons mag Hom daagliks vra om ons so vol krag te maak dat ons lig dan helder brand!

Wanneer ons so ons lig laat skyn voor die mense, sal daar van hulle wees wat God daardeur verheerlik. Die Heilige Gees sal ons lig gebruik om sy Lig in sekeres te laat ontbrand. Ons kan soos die eerste Christene in Jerusalem, Christus se liefde verkondig en uitdeel aan verlore sondaars: hoere, alkoholiste, boemelaars, boewe en moordenaars.

Ons moet in S.A., in hierdie tyd van geestelike vervolgings ons lamp op ‘n staander sit, sodat dit vir almal kan skyn. Hoe doen ons dit? Deur erns te maak met die woorde: *Wees heilig, want Ek is heilig* (1 Petr. 1:16b). Ons wys in ons lewenswandel dat ons ‘anders’ is. Dat ons wel in die wêreld lewe, maar nie van die wêreld is nie. Dat ons die Here prys in ‘n wêreld waar God doodgeswyg en geïgnoreer word. Ons doen dit deur getuienis te lewer aangaande ons enigste hoop en troos, in ‘n samelewing waar geen sekerhede meer is nie. Ons klou vas aan die Waarheid in ‘n omgewing wat geen waarhede ken nie. Ons mond loop oor van verwondering oor die geskenk van die ewige lewe in ‘n wêreld wat die hier en nou aanprys, omdat dit die onvermydelike noodlottige dood, as die einde van alles, in die gesig staar.

Die olie wat ons lampies brandende hou raak maklik op, omdat die duisternis om ons heen so intens is. Daarom ontvang ons weekliks nuwe olie tydens die Sondag eredienste, Bybelstudies en huisgodsdiens. Moenie slap lê en weens gebrek aan olie uitbrand om deur Satan meegesleur te word nie. Die Bruidegom kom! Brand jou lig helder vir ander en vir Hom?

Voel jy ook so?

What's wrong with this picture?

Die JEUG van die gemeente – JEUG VERENIGING & KOFFIEDRINK

Bianca Nicholson

Hierdie artikel handel oor Jeug Vereniging: die waarde daarvan, bywoning daarvan, en besprekingsmateriaal. Daar is al baie vrae rondom die JV gevra, maar nog steeds is daar nie werklik 'n oplossing gevind vir sekere kwessies daaromtrent nie. In die algemeen, en ek praat nie net uit eie ervaring nie, is daar redelike frustrasie met die JV en ook soms Koffiedrinke.

Juis omdat dit vir my so 'n persoonlike saak is, gaan ek baie eerlik wees, en ek is redelik seker dat daar baie opspraak gemaak sal word oor hierdie artikel, maar ek gaan maar my bes probeer om nie op te veel tone te trap nie.

Met alle eerlikheid moet ek erken dat ek JV self die afgelope tyd nie baie bygewoon het nie; ek onthou selfs 'n geleentheid waar ek vergeet het om my inleiding te maak... Daar is ook niks verkeerd met eie waarnemings nie, solank dit in die lig van God se Woord gesien kan word. Daarom dink ek dit is nodig om die res van die artikel ook met dieselfde eerlikheid te benader; en laat ek, om mee te begin, net dit sê: ons is almal skuldig...

Ons weet almal dat dit moeilik is om 'n Christen te wees. Die Bybel sê self so, maar troos ook terselfdertyd: *Wie sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus, onse Here, is nie.* (Romeine 8:35-39)

Dus, om meer te begin:
Hoekom gaan ons JV en Koffiedrink (in 'n mindere mate) toe?

Ek dink daar is 3 eenvoudige redes wat dit redelik goed saamvat:

1. Om ons kennis van die woord van God uit te brei, asook om antwoorde op ons vrae vanuit die Woord van God te soek.
   Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. (2 Timoteus 3: 14-17)

2. Om te groei in gemeenskap met ander heiliges, veral van ons eie ouderdom.
   Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge. (1 Korinthiërs 12:12,13)

3. Om God te eer met lofprysing en dank en met gebed.
   Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy Heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat

al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede. (Psalm 103:1-4)

So, wag ‘n bietjie; dit stem baie ooreen met die erediens, tog nie? Behalwe dat ons probeer om dit op ‘n meer persoonlike wyse te doen en op ‘n manier wat meer relavant is tot die jeug. Ons wil graag probleme aanspreek wat ons op skool en universiteit en in ons vriendekringe ondervind, in ons *daaglikse geloofslewe.* Ons wil mekaar graag as gelowiges beter leer ken, om sodoende mekaar te ondersteun, te troos, op te dra in gebed.

Goed, so al klaar begin ek al tekortkominge sien met JV; nie net met JV en Koffiedrink nie, maar met algehele algemene geloofslewe:

Watter tekortkoming?

1. Relevante materiaal vir bespreking. Of relevante maniere, as Christene, om ons tyd deur te bring by Koffiedrinke, of net in die algemeen.
   Ons sukkel om materiaal te vind waarin almal ‘n sê wil hê. Dit lei weer daartoe dat niemand wil voorstudie doen nie of selfs afwesigheid (ja, ek is ook skuldig!). Materiaal wat almal vuur en vlam sal maak vir die Woord van God. Dit is moeilik om die Bybel te bestudeer en altyd waarde uit elke woord te kry. Die vraag is natuurlik ook: wat is so moeilik daaraan om die Woord van God te bespreek, want ons is tog CHRISTENE. Die Woord van God is pragtig en so vol mooi beloftes.

   Vrymoedigheid: dit is die eintlike kwessie; as daar ‘n vraag is wat ons baie pla moet ons dit VRA. Dit kan tog enige tipe vraag wees, want ons hele lewe is gewy aan God. En as *jy* dit nog nie so gesien het nie, beter jy gou so daaraan dink. Dit moet vir ons moontlik wees om oor ons lewens as Christene te praat.

   Dus, hoekom word daar goed soos Counter Strike clips waarin die Here se naam ydel gebruik word op ‘n Sondag by koffiedrink gewys? Of hoekom word daar gespot met anoreksiese mense by Koffiedrink? Is dit dan iets wat Christene doen? En voordat dit nou ontaard in ‘n moddergooiery, *ek* is ook skuldig en ek onthou ‘n geleentheid of twee wat ek (te veel) wyn gedrink het of geskinder het of iemand sleg gesê het of kru taal gebruik het. Daar is al baie oor gepraat. Ook is dit seker nie die regte manier om die probleem met ‘n artikel te benader nie, aangesien ons eerder mekaar persoonlik moet aanspreek.

   Ook kan kan ons nogals baie leer van ander Christene as ons net ons oë oopmaak, want daar ís die wat hulle lewens op ‘n goeie wyse aan die Here wy.

2. “Persoonlikheidsverskille”, of dit is eintlik nie die regte woord nie. Maar ek wil ook nie die woord skeinheiligheid gebruik nie; dit is ‘n gevaarlike woord om te gebruik, want as daar een vinger gewys word dan wys daar 3 terug na jouself.

   Natuurlik is dit menslik gesproke nie moontlik dat almal met vrymoedigheid altyd met mekaar kan / wil praat nie, bloot net oor die rede dat mens se persoonlikhede verskil, en dit is regtig ‘okay’. (Byvoorbeeld, ek vind dit, glo dit of nie, nogals moeilik om met mense oor die weg te kom.) Maar ons kan verskillende mense wees en tog in dieselfde kerk oor die weg kom. Of nie? Ons kan tog nie na mekaar verwys as die “tweegesig”, “nerd” of “te cool vir die res” groepies nie. Waar kom dit vandaan??!!!! Laat ek ‘n klassieke situasie skep: *Dié* meng nie met *daardie* nie, want dié wil Saterdag gaan kuier in Stones (of noem maar enige plek wat jy wil) en *daardie* hou nie daarvan nie. HALLO! *What’s wrong with this picture?!!*

3. Lofprysing. Wie het al ooit daaraan gedink dat sekere Sondae se JV’s afgesonder kan word vir lofprysing. Dink gou mooi wat beteken die woord. Ek het al ‘n paar keer dienste by ander kerke by gewoon, waar die lofprysing op ‘n ander tipe manier geskied. Met kitaar en keyboard en dromme… ja, dromme. Net omdat dit NIE Psalms is nie, beteken NIE dat dit nie lofprysing is nie: Ek het elke woord wat ek gesing het in my hart gevoel. Dit is ietwat van ‘n meer kontroversiele onderwerp, maar daar moet ook nog baie oor gepraat word. Miskien met ‘n volgende JV vergadering? Miskien moet ek ‘n slag net ‘n CD saam bring en die woorde op ‘n projektor gooi en ons moet almal saam sing. Ek gooi maar net ‘n klip in ‘n bos. Gaan dink daaroor.

4. Gebed. Mense, ons moet vir mekaar BID. Dit is die belangrikste ding. En voordat ons nog dit doen – ons moet met mekaar PRAAT (en mekaar aanspreek as dit nodig is). Ons dink in die algemeen maar dit is bietjie weird om vir mekaar te sê waarmee ons sukkel sodat ons mekaar tog in geloof kan ondersteun. Byvoorbeeld:

Mannetjie nr 1: Hei, ek wil graag ophou rook. Wil jy nie saam met my bid nie?
Mannetjie nr 2: Soos, wat! Dude, wag, wat het jy nou net gesê?
Bogenoemde gesprek mag snaaks klink, maar dis tog eintlik dood normaal.

Die lewe as Christen is moeilik; dit is die moeilikste ding op aarde om sterk te staan as jong Christen, maar weet met sekerheid:

1. Die Here los nie ons hand nie; Hy dra ons en gee ons krag.
2. Christus is ons VERLOSSER en MIDDELAAR.
3. Ons mag bid en die Here dank vir Sy genade.

Ek het onlangs 'n preek saam met 'n vriendin bygewoon en aan die einde vra die dominee toe op die gesprekvoerende wyse waarmee hy ook sy preek benader: "Mense, kan julle vanaand iets saamneem?" ☺

Hokaai! Raak ons postmodernisties?

Anika Bosker

Postmodernisme is die reaksie op modernisme. Dis 'n lewensbeskouing.
Wanneer daar gepraat word oor modernisme, bedoel ons dit wat tipies geword het van die moderne mens vanaf die verligting in die 18de eeu. Die tipiese dinge waarvan daar vertel word, is die verstandelike vermoëns. Die hoë verwagtig van homself soos byvoorbeeld ontwikkeling van die televisie, radio en rekenaar. 'n Mens kan alle probleme oplos, maar eintlik skep mens groter probleme. Die kennis lei tot ideologie. Nou het die ideologie misluk, want nou is daar besoedeling en masjienerie wat mense se werk oorneem. Dit skep werkloosheid en verswak die land.

Die moderne mens het gereken dat hy met sy verstand alles kon dien, selfs God 'uitdink'.
Maar op die ou end het alles platgeval. In die reaksie van modernisme, kom postmodernisme. Postmodernisme is nie 'n filosofie nie, maar is 'n werklikheid in ons lewe. 'n Mens sien dit al hoe meer in ons kerk. Dit wat jy voel, is reg. As jy so redeneer, gaan daar klomp waarhede ontstaan en ons het net EEN waarheid: die BYBEL.

Die eienskappe van postmodernisme is:
Subjektivisme - die gevoel is die norm, die ervaring van dit wat vir my aangenaam is. Alles wat jy voel, is jou eie waarheid. Dis jy, as persoon wat so voel en jy glo dis reg.
So kry jy verskillende waarhede. Elkeen bepaal vir homself wat vir hom aanvaarbaar is. Dus individualisme lei na subjektivisme. Ons as Christene, kan dit wel gebruik in winkels: Jy kies die sjampoo van jou keuse.

Individualisme - die hele modernisme kwessie het die mense teleurgestel, nou gaan die mens terug na homself. Die mens se gevoel is nou die middelpunt. Hierdie nuwe lewensgevoel bind mense nie aan die wet of reëls nie, die mens word sy eie reël. Elkeen leef vir homself. Ons sien dat die individu bepalend word.

Nihilisme -jy soek krag in iets wat swak is. Al wil jy so graag jou eie god wees, gaan jy vasbrand. 'n Mens kan geen sekerheid bied nie. Die gevolg gaan dood veroorsaak.

Hedonisme -daar is geen toekoms of verlede, dit gaan oor nou. Die onmiddelikke is die belangrikste. Dis net soos verhoudings, dit moet net werk, want die persoon het nou 'n behoefte daaraan.

Wat word van gebed in postmodernisme? Die gebed is nou nie meer 'n gesprek met God nie, maar met jouself, dit raak meditasie.

Wat gaan van ons as Christene word? Die mense glo net aan en in hulself. Almal maak net soos hul wil. Daar is nie eers 'n God nie. O, nee ! Ons as Christene moet dit bestry. Ons het 'n God wat lewendig is. Wees 'n lig in die wêreld. Hou vas aan die belydenis en strewe na God.

VGK-Jhb 5-dekades OUD!!!

1 September 1957 is nie net bekend vir Lentedag nie, maar ook die dag wanneer die VGK-Johannesburg gestig is!!!

'n Paar van die katkisasie lede moes met 'n paar van die ouer lede in die gemeente praat oor hoe hul die 50 jare beleef het en die meeste mense se antwoord was dat daar baie "ups en downs" was, maar daar was ook baie interessante stories.

VGK-Jhb is al deur baie moeilike tye, maar saam met Christus is die kerk steeds hier. Die eerste kerk was in Kempton Park waar daar ±30 lede was, wat die dominee en kerkraad ingesluit het.

Ds. W Boessenkool was die eerste predikant van die VGK-Jhb waar hulle in Aucklandpark vergader het. Daar was toe ongeveer 70 lede (waarvan sy vrou en kinders 'n sesde van die gemeente was). Tydens die gemeente se verblyf in Auckland Park het die gemeente tot ongeveer 200 lede gegroei (wat meeste Nederlanders was), maar die getal het gou weer gekrimp omdat baie mense die kerk verlaat het.

Die kerk is verkoop en ons het tydelik in 'n skoolsaal kerk gehou. Tot nou, waar ons kerk nou in Roodepoort is, met ongeveer 120 gemeentelede.

Mev. Hoogers en haar man is die eerste paartjie wat in die VGK-Jhb getroud is en hul oudste kind is ook die eerste dooplidmaat.

Ons kerk het ook al 'n hele paar dominees gehad, naamlik ds Boessenkool, ds Kruisinga, ds Heiberg, ds v/d Linden en dan huidiglik ds Kleijn.

Oom en tannie Haak het vertel dat die kerk in Auckland-Park 'n baie klein geboutjie was en dat die ouderlinge onder 'n boom vergader het en na die tyd in een van die ouderlinge se karre gaan afsluit het. Daar was wel 'n buite gebou, nl. die toilethokkie!!

Ouma Boessenkool het vertel hoe een van die dominee's sommer regoor die mikrofoon kliphard gesê het "SJUUT", omdat haar 11 kindertjies bietjie woelig was.

Tannie Postma vertel dat Ouma Boessenkool ou klere uit Holland gekry het en dit toe verkoop het om 'n nuwe lappie vir die preekstoel te maak, en kan jul glo, daardie lappie word nogsteeds gebruik! Mev Postma en ander gemeentelede het die stoel wat ons nou ook nogsteeds gebruik gerepareer.

Wat hulle as "downs" beskou was die tyd toe ds. Heiberg ons gelei het. Dis die tyd toe meeste van die mense ons kerk verlaat het. Ook die tyd toe ds. Jopie ons nie meer kon lei nie a.g.v van sy chroniese siekte.

Die "ups" is toe Ds. Boessenkool sending gedoen het vir die Indiërs in Germiston vir 15 jaar lank. Nog 'n hoogtepunt is die nuwe kerkgebou in Roodepoort.

Van die sterk punte is dat die gemeente vashou aan die Woord en alles tot eer van God doen. Swak punte is dat ons as gemeente meer moet fokus op sendingwerk buite ons kerk.

Baie van hulle sê dat die moeilike tye nou verby is en dat daar saam met Christus net beter tye kan kom.

Dit gebeur nie elke dag dat 'n kerk 50 jaar oud word nie en dus was daar groot feesvieringe op 1 September 2007. Ons almal kan net dankbaar wees, want dis God wat alles so mooi tot hiertoe gelei het!!

Janine Boessenkool

Deur die sleutelgat

Goeie more/middag/naand al julle ywerige Sleutelgat lesers!

Where to begin, where to begin? Ja…uhm. Wat sal ek sê? Pragtige weer vandag, is dit nie? Lanklaas die son so sprankelend gesien. Na ‘n paar weke terug se sneeu, is die sonnetjie se hitte ‘n welkome sig vir die oog. Veral vir die huisvrouens se oog, wie se wasgoed uiteindelik weer kan droog word. Hulle is, met rede, in ekstase! Met die hitte terug, haal die honde ook harder asem en ghwel so die plante nat sodat die reën darem nie té veel gemis word nie. Uhm…ok. Soos julle kan sien het daar hierdie afgelope ruk nie veel gebeur om te rapporteer nie. Daar was darem so hier en daar ‘n koffiedrink gehou.

Veels geluk liewe Arie, omdat jy verjaar! Arie se verjaarsdag is gepas afgesluit, nadat dit gepas, deur ‘n erediens en JV-bespreking, begin is, deur ‘n koffiedrink wat by sy huis gehou is. Vanselfsprekend is dit nie werklik *sy* huis nie, maar die van sy ouers. ‘n Gesellige atmosfeer is geskep deur die nuwe cd, wat Arie vir sy jarig wording ontvang het, te speel. So hier en daar was ‘n paar wilde mokerhoue nodig om die cd op die regte pad te hou, maar verder het als heel rustig verloop.

Sport was veral ‘n gewilde besprekingspunt, siende dat die Twenty20 krieket aan die gang en die Rugby Wêreldbeker om die draai was. Ons jeug sal weet dat daar net een naam sinoniem is met Twenty20 krieket: Henri. Henri Luijk. Henri kon die krieketspanne van Australië, Engeland en nog ander wys net waarvan hy gemaak is deurdat hy gekies is om hul ‘n bietjie op te warm. Dit was ‘n effense foutjie, hul is glo toe nie warm nie, maar koud geskrik! Dalk die volgende wêreldbeker se top bowler?

Nie-sport-belangstellendes is gelei na waar hulle meer tuis sal voel: die badkamer, om die nuwe lede van die gesin te bekyk. Hulle is klein, harig en het uiterse plat gesigte. Die rede: hulle is Pugs. Dit is die rede vir hulle plat gesigte en harige lywe, soos julle seker kon aflei. Hulle volle name was op daai stadium nog onbekend maar, as ek reg onthou, het hulle wel gereageer op die name, Pug1, Pug2 en Pug3.

Nog ‘n spesiale geleentheid: koffiedrink by Carike. Daar is aan heerlike muffins gesmul en goeie geselskap was volop! Dit was langnaweek en Marthie het weer kom kuier, die keer nie alleen nie, maar met ‘n mede-reisiger en nee…daar’s geen rede om jul te bekommer nie, Adrian was nie jaloers nie. Dit was een van Marthie se vriendinne van Potchefstroom af. Om die vakansiedag goed in te vul is daar ‘n staptog beplan. Marthie het bewys dat aanhouer wen want sy kon uiteindelik vir Anja ompraat om hul te join, voorwaar ‘n wonderbaarlike prestasie! Ek’s dankbaar om julle in te lig dat Anja weer veilig en sonder beserings in ons midde is! Sy het dit gemaak ten spyte van haar eie en almal anders se verwagtinge. Geluk Anja!

Dan wil ek ook namens die “single” jeug van die Kaap dankie sê vir Johan en Elise wat ons lewens verryk het met hul wonderlike advies oor die moet’s en moenie’s van verhoudings! Hulle sou selfs vir Dr. Phil laat les op sê het. Johan kan enige ou leer net hoe om sy meisie gelukkig te hou. Elise kan getuig hiervan. Hoe lank is dit nou? ‘n Jaar, 18 maande, twee jaar? Ek kan julle sterk aanraai om aan Johan se deur te klop, dalk sal julle so gelukkig wees om ook hulle geluk te kan beleef!

Verder…eh…ja, hier begin ons alweer. Ek het nou die dag ‘n wysie, wat ‘n voëltjie gefluit het, in my kop gehad. Die spesifieke voëltjie het die lied, *Ilze is terug in die Kaap om te bly vir ewig en altyd, hoera!* gefluit. Voeltjies lieg nooit, so ek vind dit my plig, as kranige Sleutelgat-skrywer, om haar weer terug te verwelkom. “Welkom terug in die midde van ons en ons pragtige berg, Ilze!” sê die Sleutelgat-skrywer.

Saam met haar hier, for a limited time only, is…(uitgerek)…Alex. Whadup! Al is hy net vir ‘n kort tydjie hier saam met ons in die beeldskone Moederstad, is daar geen rede om in ‘n diep depressie gedompel te word nie, want dit is weer amper *kongres* (swanesang). Dan sal almal weer opnuut met hom herenig word! So vee daardie traantjies af, en glimlag, want vandag is ‘n lieflike en sonnige dag.

So hier kom ek weer aan die einde van nog ‘n Sleutelgat. Ek weet dit gaan vir party van julle soos ‘n ewigheid voel voor die volgende een sy verskyning maak, maar dit gaan nie ‘n ewigheid wees nie, want dit gaan net nie.

Die Sleutelgat

Voetspore

Daaaaag lieve kroepoekjes van me...

Nounet kyk ek so deur van die ou Olielampe wat rondlê in my kamer. Ons praat hier van oud oud oud. Om te verduidelik: Anne Groenwold word nog as jeug beskou. Need I say more? Miskien wel, laat ek my punt verder beklemtoon deur die skokkende gewaarwording met u te deel dat ‘n klomp van die mense wat destyds maandeliks ‘n stukkie geskryf het oor “Vrouekleding” of byvoorbeeld die “Y2K-debakel” (wie van ons onthou dit nog?) nou getroud en/of geëmigreer en/of diakens is. Hoekom deel ek hierdie persoonlike uitbarsting van verveeldheid met u? Luister mooi.

Een van die issues wat destyds nogals opspraakwekkend was, was of drank wel of nie by kongres verkoop mog word nie. Ek haal aan: “...daar is een kwessie wat uitgestaan het. Mag die jeug wel of nie drank gebruik op kongres?...”. Dit gaan dus oor kongres. En dit bring my by die punt: kongres is ampertjies-stampertjies! En vir die jeug van destyds wat nou getroud en/of geëmigreer en/of diakens is wil ek met trots en ‘n gerusstellende stem sê: ons drink nie op kongres nie. Jahaaaa, wel coke, ranja met een rietje en water. Ja, soms selfs ‘n appeltje voor de dorst! Anders dehidreer ons. Anyway, wat ek wou sê: een skrywer het die profetiese woorde geskryf dat ons nog steeds kongres kan geniet, al is daar nie drank nie. En jawel, dit is waar, want believe me, hierdie kongres gaan legendary wees! Sonder drank. Die enigste probleme wat daar gaan wees is of een van ons spelers tydens die sokker tussen lesings wel of nie off-side was. En of die bal post of post-in was. Dus ja, The times they are a’changin’ en vroeger was alles nie noodwendig beter!

Jeugvereniging het ook tot ‘n einde gekom. Nogals vroeg moet ek sê, maar dit is seker maar ‘n teken dat die onderwys nie regtig verswak het na die 1994-verkiesing nie. Want daar moet hard gestudeer word! Oor die algemeen kan ons sê dat Vereniging wel ‘n sukses was, al was dit soms so stil soos Wimbledon – sonder die strawberries and cream.

Die grootste nuus van die maand was dat die Pretoria gemeente uiteindelik ‘n dominee gekry het. ‘n Leenpredikant: dominee Nel, obviously. Wat dit vir ons beteken is dat ons vars en nuwe preke hoor en nie repeats, soos op e-tv nie. Baie welkom aan dominee Nel en sy gesin! Ons hoop julle geniet ons fair city. Maak seker dat u die volgende besienswaardighede besoek: 1. Die voortrekkermonument 2. Die uniegeboue 3. Hotel 224.

Dan is daar ‘n paar nuwe lidmate in ons kerk. Eerstens sien ons vir Willem Frederik Drijfhout. Hy is ook verloof. Lientjie Stolper is ook verloof. Vreemd, huh? Twee mense is verloof. En die vreemdste van alles is dat hulle nogals op dieselfde dag verloof geraak het! Coincidence? I think not. Wat nogals baie interessant was, was dat Willem Frederik op die lede-lys van die kerk staan as Frikkie Drijfhout. Altans, dit lyk so, want by die verkiesing van ampsdraers, het dit so op die lys verskyn. Is Wouter die oorsaak van hierdie practical joke? Ondersoek sal ingestel moet word.

Nog ‘n nuwe lidmaat is Adelien Pienaar, sy gaan uit met Erik Bosker. Hoop julle voel sommer tuis soos ‘n Okapi in Kenya. Dis darem maar ‘n mooi vergelyking, innit?

En wrintiewaar! Toe wen die Springbokke die world cup! Hierdie keer was dit nie Madiba Magic wat dit vir ons gewen het nie, maar eerder Eric-Excellence. Want, liewe lesers, was daar al ooit iemand wat meer fanaties is? Gelukkig het die jeug raakgesien dat Eric die krediet moet kry vir die oorwinning. Eric en Naas Botha. Daar is net een nasie en dis Nasie Botha.

Petra Petroljoggie het kom kuier sonder dat haar familie geweet het sy kom. Petra se ma het in trane uitgebars. Die meeste mense het dit gesien as ontroering en blydskap. Tog wil dit voorkom asof dit oor iets anders was. Petra se ma het juis kos gemaak toe sy onverwags in die huis instap, en daar was net effens te min aartappels. Dogters van vandag, huh?

Dit was weer die Voetspoor van hierdie maand. Onthou dat kongres awesome gaan wees! Onthou dit! Moenie dat ek jou 3 uur die nag wakker maak en sê “drie vrae, twee minute: 1. Wat is die hoofstad van Kuba? 2. Sal daar ooit ‘n seun gebore word wat vinniger kan swem as ‘n haai? en 3. Hoe gaan kongres wees?”. As jy dan nie nommer 3 met ‘n helder stem beantwoord as “awesome” nie, dan sál daar moeilikheid wees. Dit is geen dreigement nie, maar beware!

Adios
Voetspoor

KONGRES 2007: Off the hOOk

Pssst... Kongres is om die draai...
Die Kongres se Tema hierdie jaar is:

Vissers van Mense

Die volgende onderwerpe sal deur sprekers behandel word:

1. Waarom visvang?
   Wie moet visvang?
   Wanneer vang ons?

2. Wie moet gevang word?
   Hoe gevang moet word.
   Waar vang ons?

3. Praktiese wenke

4. Kom ons vang.
   Terugvoer.
   Doelwitte.

Laat julle gedagtes solank rol. Belangrik om te onthou: **'n Kerk is werwend of sterwend!** Ons hoop om in die Desember uitgawe 'n kort inleidende stukkie oor elke onderwerp te publiseer.

Vir meer besonderhede: **WEES DAAR!**

Verjaarsdae

November 2007

BETHAL

Nicky Grobler	2-Nov
Germari Nel	2-Nov
Riaan Porter	7-Nov

JOHANNESBURG

Reinier de Haan	12-Nov
Wouter Boessenkool	26-Nov
Karina Hamming	29-Nov

KAAPSTAD

Ben Kooyman	3-Nov
Marthie Breytenbach	3-Nov
Henriëtte Geleijnse	6-Nov
Pieter van der Lugt	7-Nov
Christiaan Luijk	7-Nov
Rickert Mulder	8-Nov
Harold Lotz	12-Nov
Johan Bijker	15-Nov
Bianca Nicholson	21-Nov
Ilze vd Westhuizen	24-Nov

MARANATA

Sietse vd Meulen	24-Nov

PRETORIA

Arend Pouwels	13-Nov
Renier van der Poel	15-Nov